

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

COVID-19 en “Timeout”

COVID-19 is amptelik as ‘n wêreldwye pandemie verklaar. ‘n Epidemie word algemeen gedefinieer as ‘n gelokaliseerde uitbreek van ‘n bepaalde siekte in ‘n streek of land. ‘n Pandemie is ‘n wêreldwye uitbreek van ‘n bepaalde siekte.

Die wêreld beleef tans ‘n COVID-19 pandemie wat ons herinner aan die tien plaes wat Mitzrayim getref het en aanleiding gegee het tot Yisra’el se bevryding van die slawejuk. Met Pesag wat binnekort gedenk gaan word, is dit juis die tyd wat ons ondermeer die tien plaes van God se oordeel oor Mitzrayim in herinnering roep.

Volgens die Afgesonderde Skrifte weet ons die doel van hierdie beproewinge, naamlik dat יהוה-God volgens Sy Raadsplan optree en Hy is in beheer! God het nog altyd op dié wyse tot Sy volk, maar ook tot die mensdom gespreek, in tye wanneer hulle afgedwaal het van Sy voorskrifte en standaarde! Die oorhoofse doel was tugtiging, soos wat enige vader sy kind sal tugtig!

In die tyd van die profete van Yisra’el van ouds sou daar ‘n poging gewees het om die Goddelike boodskap in die COVID-19 pandemie te onderskei! Wetenskaplike kennis en tegnologie, asook ‘n eie-ek-gesentreerde samelewing van transhumanisme¹ maak egter nie in die hedendaagse samelewing voorsiening om יהוה-God deel te maak van die oorsaak, bekamping en genesing van die COVID-19 pandemie nie, hoewel God in totale beheer is en die lot van elke mens bepaal! Dit is slegs die Enigste en Ware Lewende Skepper-God wat uiteindelik sal bepaal wanneer en hoe hierdie pandemie sal eindig, asook watter langtermyn gevolge daar sal wees! Maar selfs hierdie feit word deur die meerderheid bevraagteken en selfs verwerp!

Ongeag wat jy of ek glo, en ongeag wat die wêreldsiening is, יהוה-God is deel van die stryd teen hierdie pandemie! Hy was, is en sal altyd in beheer wees!!

⁵ Ek is יהוה en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen God nie; Ek sal jou omgord, alhoewel jy My nie geken het nie

⁶ sodat mense kan weet van die opkoms van die son tot sy ondergang dat daar buiten My geeneen is nie; Ek is יהוה en daar is geen ander nie;

⁷ die Een wat lig vorm en die duisternis skep, wat vrede veroorsaak en onheil skep; Ek is יהוה wat al hierdie dinge doen. Jes. 45:5-7.

Rabbi Benjamin Blech skryf die volgende in sy artikel “God and the Coronavirus”

¹ Transhumanisme is die filosofie en die wetenskap wat poog om deur die Godgestelde grense van die menslike bestaan te breek en om die mens meer soos יהוה-Skepper-God te maak, maar sonder God! ‘n Supermens (‘n hibriede) wat ewig sal lewe!!

I am obviously no prophet, but here is a thought that I think is worth considering and taking to heart. Every parent knows that one of the most obvious responses to a child's misbehavior is what is commonly known as a "timeout." The child is restricted from enjoying pleasurable activities. The child has his normal life disrupted. The child is encouraged to reflect upon his disobedience. Is it too much to consider that as our world continues to sink ever lower in our commitment to virtue that God responded with a virus that has forced millions into a "timeout" of quarantine and seclusion?

Ons weet dat die tien plaes in Mitzrayim nie net God se oordeel was nie, maar ook Sy onverdiende guns, want God kon met een woord uit Sy mond die hele Mitzrayim vernietig het en vir Yisra'el bevry het! Maar God het nie! Hoekom nie? Omrede God met elke oordeel vir Farao die geleentheid gegee het om met ware berou om vergifnis te vra en die God van Yisra'el te dien! Farao het tien "timeouts" gehad, maar hy het met arrogansie volhard in sy hardkoppigheid!! Farao se rebellie teen יהוה-God het sy dood en die verwoesting van die magtige Mitzrayim tot gevolg gehad. Die glorieryke dae van Mitzrayim was vir ewig verby!!

Gee God met die COVID-19 pandemie vir jou en my, asook vir die wêreld, 'n "timeout"? En onthou Yeshua se woorde in Matt. 24:7-8.

- 7 want nasie sal teen nasie opstaan en koninkryk teen koninkryk en daar sal hongersnode wees en plaes en aardbewings op verskillende plekke,
- 8 maar al hierdie dinge is die begin van smarte.

Is die COVID-19 pandemie die eerste "timeout" wat die wêreld van vandag beleef? Is dit die eerste van vele wêreldwye plaes (oordele)? Tans openbaar die wêreld die gees van Farao en die vraag is of hierdie hardnekkige rebellie teen יהוה-God gaan voortduur tot die wederkoms van Yeshua en al die "faraos" dan finaal geoordeel sal word?

In die geskiedenis van die wêreld was daar tot op hede slegs twee gebeure (rampe) van so 'n groot omvang dat dit die hele wêreld, en nie net dele van die wêreld nie, vir ewig verander het. Hierdie twee gebeure was:

- Die sondvloed en
- Die toring van Babel.

Onthou dat gebeure soos builepes en die Spaanse griep, asook die twee wêreldoorloë slegs dele van die wêreld direk geraak het. Alle aanduidings is egter dat die Covid-19 pandemie die derde gebeurtenis kan wees wat vergelykbaar is met die sondvloed en die toring van Babel!


Is jy en ek, asook jou geliefdes, geestelik voorbereid sou hierdie pandemie die begin van die einde wees soos die Woord van God dit duidelik uitspel? Het ons die punt bereik soos wat Sha'ul in sy brief aan die gemeente in Korinthiërs skryf dat die einde van die wêreld by ons aangekom het (1Kor. 10:11)?

In die lig van hierdie pandemie is dit 'n feit dat ons vandag meer as ooit in die verlede elke dag van vertrou tot vertrou sal moet leef (Rom. 1:17). Maar hierdie vertrou sal nutteloos wees vir diegene wat nie God se onpartydige opregtheid in Yeshua is nie (1Kor. 5:21)! Die tyd is nou, meer as ooit in die verlede, om eerstens God se onpartydige opregtheid (geregtigheid) en Sy Koninkryk te soek en om daarvolgens te lewe (Matt. 6:33)! Dit beteken dat die Koninkrykswette gehoorsaam moet word!


COVID-19 en Torah

In Hebreeus bevat die tien gebooië 620 letters en die tien gebooië is die tien pilare van al die *mitzvot* (gebooië) in Torah – die wet. Volgens Judaïsme is daar 613 *mitzvot* in Torah wat die Jode moet gehoorsaam. Maar hoekom dan 620 letters? Want volgens Judaïsme is daar 7 universiële wette – die Noagidiese wette wat die wêreld, naamlik nie-Jode moet gehoorsaam!²

Die woord “Corona” is afkomstig van die Latynse woord vir kroon. Die Coronagroep van virusse het hierdie naam gekry omrede dit onder ‘n elektonmikroskoop soos ‘n kroon lyk.



Elektronmikroskopie van Coronavirus



In hierdie grafiese voorstelling van die Coronavirus kan die “spikes” (vir aanhegting aan ‘n lewende dier- of menssel) van die virus gesien word, asook die proteïen-lipied omhulsel van die virus.

Die COVID-19 virus is “gekroon” as die koning van alle virusse, want feitlik die hele wêreld buig uit vrees hulle knie voor hierdie virus!!

Maar wat is God se Kroon? Kroon, soos die kroon van ‘n koning, is in Hebreeus *keter* (כֶּתֶר) en word gespel (regs na links) *kaf, tav, resh*.

Die koning het Ester meer liefgekry as al die vroue en sy het guns en aanvaarding in sy oë gevind, meer as al die ander maagde sodat hy die koninklike kroon (*keter*) op haar kop gesit en haar koningin gemaak het in die plek van Vashti. Ester 2:17.

Die gematria³ (numerologie) van *keter* (כֶּתֶר) is = *kaf* (20) + *tav* (400) + *resh* (200) = 620.

Op elke Torahrol (“Torah scrol”) word ‘n kroon geplaas (verwys foto) wanneer dit opgerol word en in die “ark” (Hebreeus: *Aron haKodesh*) gebêre word. Hierdie kroon is ‘n sinnebeeld van die Outoriteit en Wysheid van God as Koning. יהוה se Torah (die wet) is God se Kroon en Yeshua, die vleesgeworde Woord (Torah) dra hierdie Kroon!! Dit is alleenlik voor Hom wat elke knie moet en sal buig, en elke tong moet en sal erken, dat Yeshua, dié Gesalfde Een, dié Meester is, tot eer, lof en aanbidding van God-die-Vader (Fil. 2:9-11).



Elke Torahrol (Hebreeus: *Sefer Torah*), naamlik die eerste vyf boeke van die ou verbond, word met die hand geskryf deur ‘n spesiaal opgeleide Rabbi en streng reëls word toegepas met die skryf van elk om seker te maak dit is ‘n ware kopie van die oorspronklike!

² Hierdie is egter net Judaïsme se siening, want God vereis dat elke gelowige in Yeshua alles van Torah sal gehoorsaam, maar soos dit in Yeshua, dié Gesalfde Een vervolmaak is.

³ Volgens die Hebreeuse alfabet het elkeen van die 22 letters ‘n numeriese waarde.

Opsommend: In Hebreeus bevat die tien gebooië 620 letters en dit vorm die basis van die 620 *mitzvot* wat in Torah is en elke *mitzvot* verteenwoordig die Outoriteit van God oor elke mens – Jood en nie-Jood (onbesnedenes)! Hierdie Outoriteit van יהוה-God is aan Yeshua, dié Gesalfde Een gegee!

Nou kan ons vra: Wil יהוה-God deur die COVID-19 pandemie, wat deur 'n virus veroorsaak word, en waarvan die naam afkomstig is van die woord “kroon”, vir die mens laat verstaan dat Hy as die Almagtige, en die Skepper-God van alles, alleen deur Yeshua as Koning regeer en die mag het om hierdie pandemie te stop? Is hierdie “timeout” die geleentheid vir die wêreld om Yeshua as die Weg, Waarheid en Lewe te erken en om God se Torah, soos dit in Yeshua vervolmaak is, te gehoorsaam??

13 As Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as Ek peste onder My volk stuur;

14 as My volk, wat in My Naam (Karakter en Outoriteit) geroep is, hulleself verneder (vas), bid, My Teenwoordigheid soek en wegdraai van hul verkeerde lewenswyses, dan sal Ek vanuit die hemel hoor, hulle sondes vergewe en hulle land genees. 2Kron. 7:13-14.

Hierdie teksverse word dikwels aangehaal, maar sonder begrip van die ware betekenis daarvan, veral van vers 14! Om weg te draai van 'n verkeerde lewenswyse is om weg te draai van sonde naamlik ongehoorsaamheid aan God se Torah (wet)(1Joh. 3:4)! Dit is om terug te keer tot vertoue in Yeshua as dié Gesalfde van God wat opgevolg word deur gehoorsaamheid aan God se Torah – al 620 *mitzvot* – maar soos dit in Yeshua vervolmaak is en in die Skrifte van die nuwe verbond uiteengesit word!

Elkeen wat nie God se onpartydige opregtheid in Yeshua is nie, sal hulle knie voor COVID-19 buig. Voor watter koning buig jy die knie? Uit vrees voor “koning COVID-19” of uit respekvolle eerbied deur vertrouwe en gehoorsaamheid voor Yeshua, Ewige Koning en Hoofpriester van יהוה-God? Yeshua het gesê:

21 Wie ook al My opdragte het en hulle uitvoer, dit is hy wat My lief het en wie My lief het, hóm sal My Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.”

23 “As iemand My lief het, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak. Joh. 14:21 en 23

As יהוה-God en Yeshua by jou blyplek maak, sal COVID-19 geen tuiste by jou hê nie! En onthou: God het ons nie 'n Gees van vrees gegee nie, maar van krag, liefde en dissipline (2Tim. 1:7).

Die vraag is dus: Ken jy, en verstaan jy, God se onpartydige opregtheid (geregtigheid) en, baie belangrik, doen jy dit, of het jy jou eie weergawe daarvan opgerig? Hierdie is 'n uiters belangrike vraag, veral in die tye wat ons in leef! Die volgende artikel oor hierdie onderwerp word aanbeveel: [GB1.20GeregtigheidHersien](#)

Onthou ook wat Yeshua gesê het:

21 Nie elkeen wat vir My sê: ‘My Meester, my Meester,’ sal ingaan in die Koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die wil van My Vader, wat in die hemel is, doen.

22 Op daardie dag sal baie vir My sê: ‘My Meester, my Meester, het ons nie in U Karakter en Outoriteit (Naam) geprofeteer en in U Karakter en Outoriteit demone uitgedryf en in U Karakter en Outoriteit baie kragtige daade gedoen nie?’

23 Dan sal Ek vir hulle sê: ‘Ek het van die begin van tyd af nie met julle 'n verbondsooreenkoms gehad nie. Gaan ver weg van My af, julle wat teen die wet werk!’ Matt. 7:21-23.

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete!
Johan.

Epos: kontak@nuweliel.info

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.